

**26 Desember**

**God het ons uitverkies om heilig en onberispelik te leef**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4**

Die leer oor die uitverkiesing is onmiskenbaar deel van ons Gereformeerde leer. Ons assosieer die leerstuk gewoonlik met God se uitverkiesing van sy kinders tot die ewige lewe. Efesiërs 2:8 verkondig aan ons dat ons uit genade, deur geloof, gered is. God het ons nie uitverkies omdat ons tydens ons aardse lewe sy guns sou verdien het nie.

Paulus openbaar in Efesiërs 1:4 dat die uitverkiesing wel om 'n ander rede ons daaglikse bestaan raak. God het ons reeds voor die skepping uitverkies om tydens ons aardse lewe heilig en onberispelik voor Hom te leef. God openbaar Hom as heilig en dat Hy van ons verwag om ook heilig te wees en te leef (Lev 19:2). Dat God Hom heilig noem, beteken dat Hy sonder sonde is en geen sonde doen nie.

Om heilig voor God te leef, beteken nie dat ons nou 'n staat van sondeloosheid moet bereik nie. Ons sondige natuur maak dit menslik onmoontlik. Heilig het die verdere betekenis om "afgesonderd" of om "op 'n ander wyse" te leef. God roep dus elke kind van Hom daartoe op om so in die wêreld te leef dat mense kan sien dat ons 'n heilige God aanbid en dien. Ons leefwyse moet daarvan getuig dat ons teen die sonde stry, dat ons die sonde deur die werking van die Heilige Gees oorwin en uit ons lewe wil weer.

*Sing: Skrifberyming 24:1, 2*

*Ds. JDP Venter (Suidkus)*